higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

15 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Onwaar
2.1.2 Waar
2.1.3 Onwaar
1.1.4 Onwaar
1.1.5 Waar
1.1.6 Waar
1.1.7 Onwaar
1.1.8 Onwaar
1.1.9 Onwaar
1.1.10 Onwaar

(10 × 1) (10)

1.2
- Verbeter personeel se kommunikasievaardighede deur hulle daarin op te lei
- Beperk inligting tot die minimum
- Kweek 'n groter bewustheid van kulturele en taalverskille (3)

1.3 'n Toesighouer moet altyd sy/haar gesag gebruik✓ om sy of haar verantwoordelike na te kom, en moet met gesag optree.✓ (2)

1.4

Maslow se hiërargie van behoeftes	**Voorbeelde van behoeftes**
Fisiologiese behoeftes	• Kos • Water • Klere • Slaap, hoor, aanraking, asemhaling
Veiligheid- en sekerheidsbehoeftes	• Gesondheid • Werk • Eiendom • Gemak • Lewensversekering • Spaarrekening
Sosiale behoeftes	• Vriendskap • Intimiteit • Gesin • Samehorigheidsgevoel • Liefde
Selfrespek en waardering	• Vertroue • Prestasie • Agting van ander
Behoefte aan selfaktualisering	• Moraliteit • Kreatiwiteit • Aanvaarding • Selfvervulling

(Enige 5 × 2) (10)
[25]

VRAAG 2

2.1
- Met **formele organisering** word die rangorde op skrif gestel.✓ Die pligte en gesag van elke pos in die posstruktuur word duidelik omskryf.✓ Formele organisering het 'n behoorlike kommunikasienetwerk.✓
- **Informele organisering** het betrekking op die totstandkoming van groepe in 'n formele organisasie.✓ Hierdie groepe vorm vanself en bestaan uit werknemers.✓ Sulke groepe het hulle eie informele leiers asook hulle eie beleide, aspirasies en waardes.✓ (3 + 3)

(6)

2.2
- Die een of ander liggaamlike of organiese verandering
- Dit gaan gepaard met 'n impuls om iets daadwerkliks aan 'n situasie te doen
- 'n Gevoel wat die optrede verhaas (Enige 2 × 1) (2)

2.3
- Mense wat val
- Brande
- Versmoring
- Vergiftiging
- Verdrinking
- Vallende voorwerpe
- Elektriese skokke
- Vuurwapens (Enige toepaslike antwoord 7 × 1) (7)

2.4
- Beskerm die verbrande persoon teen verdere besering.
- Mits dit veilig gedoen kan word, sorg dat die persoon wat jy help, nie aan smeulende materiaal raak of aan rook of hitte blootgestel word nie.
- Kyk vir tekens van 'n bloedsomloop. Stel vas of die persoon asemhaal, hoes of beweeg. Pas KPR toe as dit nodig is.
- Verwyder juweliersware, belde, dasse of enige knellende voorwerp veral om die verbrande dele en die nek. Gebrande dele swel gou op.
- Moenie ernstige en groot brandwonde in koue water dompel nie. Dit kan 'n skerp daling in die persoon se liggaamstemperatuur (hipotermie) of bloeddruk en 'n afname in sy of haar bloedsomloop (skok) tot gevolg hê.
- Lig die verbrande ledemaat op. As dit moontlik is, lig die verbrande ledemaat bo die vlak van die hart.
- Draai die brandwond toe. Gebruik 'n koel, klam verband of 'n skoon doek om dit toe te draai.

(Enige 6 × 1) (6)

2.5 'n Organisasiekaart is 'n voorstelling van 'n maatskappy se struktuur.✓ Dit beeld die formele gesagsverhouding tussen departemente uit✓ en dui aan hoe hulle op mekaar moet reageer.✓ 'n Maatskappy kan 'n gesentraliseerde of gedesentraliseerde organisasie wees.✓ (4)

[25]

VRAAG 3

3.1
- Daggeldrekenings
- Kennisrekenings
- Vaste rekenings (3)

3.2
- As werknemers goed gemotiveerd is, beïnvloed dit hoe hulle kommunikeer omdat hulle groter vrymoedigheid sal hê om met senior werknemers te praat.
- As hulle swak gemotiveerd is, sal hulle minder goed kommunikeer.
- Daar is 'n verband tussen kommunikasie en motivering: 'n toename in die een verbeter die ander. (3)

3.3
- Kennis:✓ Hierdie vlak behels die kognitiewe, semantiese en konseptuele vermoë van 'n individu of groep✓ om die ingestelde of beplande verandering te verstaan en te aanvaar.✓
- Vaardigheid:✓ Hierdie vlak het betrekking op die motivering of gedragsreaksie✓ wat uit kennis of begrip spruit.✓
- Gesindheid:✓ Hierdie vlak het betrekking op persepsies, gevoelens en waardes.✓ Dit is veel moeiliker om op hierdie vlak van verandering gunstige resultate te behaal.✓ (3 × 3) (9)

3.4
3.4.1 garansie
3.4.2 reg te maak
3.4.3 koop
3.4.4 produkte
3.4.5 garansie
3.4.6 garansie
3.4.7 verbruiker
3.4.8 garansie
3.4.9 gekoop
3.4.10 waarborg (10 × 1) (10)

[25]

VRAAG 4

4.1
- Hou die area skoon en vry van rommel.
- Berg vlambare vloeistowwe op in houers en in duidelik gemerkte en geventileerde pakkamers.
- Moenie dat oliedeurdrenkte lappe en ander vlambare materiaal ophoop nie.
- Maak seker dat brandblussers in 'n werkende toestand is.
- Sorg dat uitgange duidelik gemerk is.
- Maak seker dat nooduitgange nooit versper of belemmer word nie.
- Lei werkers op sodat hulle op hulle hoede vir 'n brandgevaar is.
- Lei werkers op sodat hulle onveilige toestande onder hulle toesighouer se aandag kan bring.
- Bepaal 'n brandontsnappingsroete en maak seker dat almal dit ken.

(Enige 5 × 1) (5)

4.2

- Handhawing van die vakbond (sekuriteit)✓

Georganiseerde arbeid beskou die reg op vrye assosiasie en die reg om te organiseer as basiese regte wat nie geskend mag word nie.✓ Werkers beywer hulle vir die handhawing van vakbonde omdat vakbonde hulle belange beskerm.✓ Werkgewers betwyfel hierdie reg. Hulle is van mening dat hulle self arbeidsverhoudinge in hulle ondernemings goed kan bestuur.✓

- Beheer oor werksgeleenthede✓

Dit is die kern van vakbondbeleid.✓ Vakbonde se beleid is dikwels om bestaande poste te handhaaf of uit te brei.✓ Hulle vereis die versekering dat hulle lede voorrang geniet en dat poste regverdig en redelik toegewys sal word.✓

- Handhawing en verbetering van lone en diensvoorwaardes✓

Ekonomiese vooruitgang word maklik as vanselfsprekend beskou. Gevolglik neem normale ekonomiese vooruitgang asook beter lone en diensvoorwaardes die vorm van 'n maatskaplike beweging aan.✓ Daarom glo werkers dat vooruitgang iets normaals is en boonop 'n reg is wat beskerm moet word.✓ Dit veroorsaak dat vakbonde aanpasbaar en pragmaties in onderhandelinge is.✓

- Ontwikkeling van die regstelsel vir die bylê van geskille oor die regte van individuele werkers✓

Vakbonde het 'n besondere belang by die algemene reëls van 'n ooreenkoms wat betref die vertolking daarvan en die invloed wat dit op die individuele werker het.✓ Daarom wil vakbonde by die formulering van sodanige reëls betrek word.✓ Vakbonde is wat basiese wetgewing betref, ten nouste betrokke by die formulering van sulke wette.✓ (4 × 4) (16)

4.3

- Om werk teen 'n gevaarlike spoed te doen
- Om sonder magtiging te werk
- Om te versuim om masjinerie veilig te maak
- Om toerusting op 'n onveilige manier te gebruik
- Om in die werkplek aan mekaar te stamp en te stoot
- Om gevaarlike posisies aan te neem
- Om toerusting te gebruik wat jy nie weet hoe om te gebruik nie
- Om kanse te vat
- Om PBT verkeerd te gebruik
- Om aan bewegende masjinerie te werk (Enige 4 × 1) (4)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou